

Donderdag 29 April

Skrifgedeelte: Kolossense 4:2-6

Fokusgedeelte: Kolossense 4:2
(1983-vertaling)

Bid dat God deure vir sy Woord sal oopmaak ... en moet jy dit dan nie weer deur jou dom woorde toeslaan nie

Een van die mees gebruikte verleidingsmetodes van Satan is om gelowiges onder die indruk te bring dat dit nie meer nodig is om voortdurend die Here God biddend te bly vra dat Hy deure vir die verkondiging van sy Woord sal oopmaak nie.

Ons kom so maklik en ongemerk onder die indruk dat óns kerkgang of óns prediking of óns gemeente-aktiwiteite die waarborg is dat God se Woord verder uit ons midde voortgedra sal word. En dit is eenvoudig net nie waar nie. Hiervoor is deurlopende en diepsinnige en aanhoudende gebed tot God nodig ... niks minder nie en niks meer as dit nie.

Sáám hiermee voeg die Woord in hierdie Skrifgedeelte nog iets by. Iets waarteen ons ook moet waak, naamlik 'n dwase hooghartigheid teenoor "die mense wat nog buite die gemeente is". Mense wat God juis deur ons "wyse optrede" as reeds-verlostes wil bereik. Hy wil dat ons deur die manier waarop en die lyftaal waarmee ons met hierdie potensiële medebroers en -susters praat, hulle oombliklik tuis laat voel in die warmte van sy huisgesin.

Sê nou maar dit was jy of ek wat nog "buite die gemeente" was. Nou kom die Here deur middel van 'n reeds-gelowige, met sy Woord in die hand, na ons toe. Wat sou vir jou die lekkerste wees: 'n warm en innige verwelkomingswoord óf 'n smaaklose en hovaardige "hallo" met saamgeperste lippe?

"Tree met wysheid op" teenoor diesulkes, sê die Here. Anders maak jy nie net die deure van die Woord vir ander toe nie ... maar loop jy gevaar om dit vir jouself ook toe te maak!

Sing: Skrifberyming 8-1:2

Ds. Dirk Laufs (Emeritus)